
# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***



## Gereformeerde Kerk Noordrand

**6 Maart 2022**

---

**WELKOM BY ONS EREDIENS**

**EREDIENSTYD: 9:00** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Teksvers:** Matteus 5 : 7
**Boodskap:** Die A-B-C van `n gelowige hart!
Nagmaal!

## Eredienste : Noordrand YouTube kanaal

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Lidmate wat weens Covid-19 nie fisies hier kan wees nie, word uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens. Kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat '*Live*' wys: https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw.

## Kollektes : 6 Maart

- Diakonie
- Emeritaatsfonds (Versorging van afgetrede predikante + weduwees)

## Meelewing

Ons drink vandag tee / koffie na die erediens in die kerksaal. Laat ons die geleentheid gebruik vir gemeenskap van gelowiges om ons gemeente in liefde op te bou.

## Covid-19

Ons dank die Here vir sy groot genade in hierdie tyd. Dankie Here vir baie wat siek geword het, ernstig siek geword het en gesond geword het. Dankie vir inentings. Ons het rede om U te loof! Ons vertrou dat U in u groot genade spoedig `n einde sal bring aan die pandemie.

## Hospitaal + siekte

Ons bid saam vir Riekie Kamfer en Jan du Plessis (kanker). Beide beleef dae waar dit baie moeilik gaan. Ons weet dat die Here julle in die tyd sal vashou en dra en red.

## Nuwe Lidmate

Ons verwelkom graag die volgende nuwe lidmate in ons gemeente. Hulle het reeds verlede jaar in die grendeltydperk by ons ingeskakel en hulle verwelkoming het agterweë gebly.
Willie van Niekerk (Weltevreden Wyk 5)
Gerrit en Thea Brand (Radiokop Wyk 1)

Ons glo en vertrou dat julle al goed ingeskakel het by ons.

## Spesiale verjaarsdae

Rina Kruger vier eerskomende Donderdag haar 88ste verjaardag.
Tonnie Kruger vier Vrydag haar 87ste verjaardag en Reier Hoogers vier Vrydag sy 84ste verjaardag.
Ons bid julle almal die seën van die Here toe vir die nuwe lewensjaar.

## Teeskinkbeurte:

| | |
|---|---|
| 6 Mrt: | Drienie Vorster; Ina vd Berg; Esthel Venter |
| 13 Mrt: | Gretha Dreyer, Christie Steyn; Lesley Stander |
| 20 -3 Apr: | Skoolvakansie geen tee |

## WYSHEID UIT SPREUKE

Spreuke 22:2

Voor die Here is ryk en arm gelyk, Hy het hulle almal gemaak.



## - VERJAARSDAE –



**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**6 Mrt:** Johan Pretorius
**7 Mrt:** Henning vd Merwe snr
**8 Mrt:** Madison Besseling
**9 Mrt:** Johan Judels; Thea Brand
**10 Mrt:** Rina Kruger; Fritz Bijkersma
**11 Mrt:** Tonnie Kruger; Reier Hoogers
**12 Mrt:** Hilda van Biljon; Danelle Ras

Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## ***Jy kan nie donker wolke raaksien as Jesus se lig op jou skyn nie***

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

"Daar hang 'n donker wolk van vrees en hooploosheid oor ons land," sê 'n onbekende vir my na kerk. "Waar?" vra ek dadelik. "Alles val uitmekaar. Niemand het hoop vir die toekoms nie," reageer hy.

"Leef ons ooit in dieselfde koninkryk?" vra ek. Terwyl daar vraagtekens op sy gesig is, sê ek: "Ek leef in God se koninkryk. Christus se helder lig verblind my heeltemal vir al daardie donker wolke!" "'n Mens moet darem ook nie blind wees vir alles wat verkeerd loop nie," antwoord hy. "Natuurlik nie, maar ek dink nie godsdienstiges sukkel met sulke blindheid nie. Dit lyk my hulle ken die regering en die kerk se foute beter as die res," sê ek.

"Sien jy nie hoedat kerke leegloop nie?" spreek hy my aan. "Dit mag plek-plek waar wees," antwoord ek, "maar sien jy ooit al die geloofsgemeenskappe raak wat regoor ons land die evangelie reg uitleef? Die koninkryk van God is orals met 'n opmars besig. Orals in die land kom mense tot inkeer. Gelowiges word vernuwe. Armes word gehelp. Behoeftiges word gedien. My oog is hierop gerig."

Hoor asseblief die goeie nuus: Christus is hier by ons. Hy is besig om die duisternis te verdryf. Kom staan net in Sy lig en leef.

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**KERK WHATSAPP NR:** 071 403 4104
**ADM BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Vakant
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan

## *GEDAGTE VIR DIE DAG*

Jy kan nie 'n vuur in iemand anders se hart laat brand,
as dit nie in jou eie hart brand nie.

***– Anoniem -***